Getuienis oor mielies van Hoop uit Bothaville

Jaco Terblanche skryf Maandag 20 Augustus 2018 op die ***Facebook*-blad** van die **Droogtehulp-projek met Burre Burger NPC:**

More Burre... ag en sommer aan almal. Ek voel ek het iets op die hart wat ek met almal wil deel vanggend, want iets wonderliks het gisteraand met my gebeur. Ek woon by die Warmbad, naby Calitzdorp op 'n plaas, ek boer egter nie self nie, maar my ouers wel. Ek werk in Oudtshoorn vir JW Saad, 'n groentesaadmaatskappy, ry elke oggend dorp toe en saans weer terug plaas toe, sien elke dag dorre lande, lande wat eens op 'n tyd lowergroen gestaan het van lusern, waar lusernbale gelê en wag het om uitgery te word... en nou is daar net niks nie.

Ek sien hoe boere, my familie, my vriende, swaar kry, ek sien hoe hulle nie meer kans sien om voort te gaan nie. Ek hoor hoe hulle vee moes verkoop of minder maak want hulle kan nie meer nie... en dit vat aan my as mens...

Hierdie droogte raak so aan my dat ek ook negatief geraak het want wanneer gaan dit ooit weer langs Olifantsrivier reën, wanneer? Wat het hierdie mense, ons verkeerd gedoen om so 'gestraf' te word? Ek het so negatief geraak, ek het opgehou bid... ek het opgehou glo.

En so kom daar HULP vir die boere van Olifantsrivier, hulp in die vorm van mielies wat deur ander boere geskenk word met jou, Burre Burger se hulp. Ek dink ek was blyer as die boere toe ek daai 1ste trok mielies wat oom Danie gebring het sien. Toe kom daar nog een en toe Vrydagaand nog tien trokke. Daar is Vrydagaand fees gevier, eweskielik almal bymekaar, oud en jonk, swart en wit om dankie te se vir die 'manna uit die hemel. Die swaarkry, die moedeloosheid vir 'n tydjie iets wat nie aan gedink word nie. Ek het lanklaas soveel blydskap op mense wat swaarkry, se gesigte gesien. Gister, Sondagmiddag, was daar 'n byeenkoms by Bethesda Bedieningssentrum, Warmbad waar almal vir God kom dankie sê het, want dit het mielies 'gereën'. Ek en my vrou was daar, maar ek was nie gemaklik nie, want ek het dan ophou glo... opgehou bid.

Hoop... Daar was geleentheid om getuienis te lewer en toe begin my vriend George Naude praat..., wat 'n ongelooflik getuienis. Ek raak so emosioneel dat dit seer maak, ek voel so sleg, skuldig omdat ek God in die steek gelaat het om op te hou hoop, glo, om positief te bly vir my mense se onthalwe... Ek begin net daar in my hart bid, ek vra God om verskoning, eks jammer, vergewe my asb want ek is n swakkeling, ek het U teleurgestel. Dadelik het dit gevoel of daar 10 000 ton van my skouers af is, ek wou nie ophou lofgesange sing nie, my hart wou uit my borskas spring, dit het het gevoel ek wil dit uit skreeu!

God het met my kom praat deur George Naude se getuienis, wat 'n wonderlike gevoel. Na die diens gryp ek vir George vas en ek huil, en sy woorde was, "laat dit uit my vriend"... George stel my voor aan oom Mike, oom Mike laat my hardop bid, iets wat ek baie lanklaas gedoen het. Oom Mike sê vir my, "broer, God het jou klaar vergewe, als hang nou net verder van jou af..."

Ek ry vanoggend werk toe met my motorfiets, groet/druk sommer toeter vir werksmense op hul fietse oppad werk toe langs die pad, want ek voel 'n ander mens vanoggend, hier aan die binnekant van my helmet dink ek baie, ek stuur sommer weer 'n gebedjie op en dan vra ek weer, hoekom bring 'n droogte, lorries met mielies my, ek wat nie eens boer nie, my terug na my God?

Dankie dat ek hierdie met julle kon deel, mooi dag verder.